

## Paulus se eerste sendingreis



---

### SABBATMIDDAG

#### Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Handelinge 13, 2 Korinthiërs 4:7–10, Romeine 10:1–4, Romeine 3:19, Handelinge 14:1–26, Romeine 9–11.

#### Geheueteks:

“Laat dit dan aan julle bekend wees, broeders, dat deur Hom vergifnis van sondes aan julle verkondig word, en dat elkeen wat glo, deur Hom geregverdig word van alles waarvan julle deur die wet van Moses nie geregverdig kon word nie” (Handelinge 13:38, 39).

**D**ie evangelie moes verseker aan die heidene en die Jode verkondig geword het. Stadig maar seker het die vroeë Joodse Christene hierdie boodskap begin begryp. Die eerste verslag van heidene wat in groot getalle gelowig geword het, was oor Antiochië. Met ander woorde, dit was in Antiochië waar die eerste gemeente wat uit heidense bekeerlinge bestaan het, gevorm was, selfs al het dit ook ‘n aansienlike getal Joodse gelowiges ingesluit (Galásiërs 2:11–13). Te danke aan die vurige sendinggees van die stigters van die kerk en die nuwe stukrag wat deur Bárnabas en Paulus se aankoms daarby gevoeg was, het die kerk daar vinnig gegroei, en dit het die eerste belangrike sentrum vir Christene buite die grense van Judéa, geword. Feit is, dit het in sekere opsigte selfs die kerk in Jerusalem oortref.

Terwyl die apostels nog in Jerusalem gestasioneer was, het Antiochië die geboorteplek van Christensending geword. Dit was daarvandaan, en met die aanvanklike ondersteuning van die plaaslike gelowiges, wat Paulus op sy drie sendingreise vertrek het. Dit was deur hulle toewyding wat die Christendom geword het wat Jesus wou gehad het dit moes word: ‘n wêreldkerk, waardeur die evangelie aan “alle nasies en stamme en tale en volke” verkondig sou word (Openbaring 14:6).

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 18 Augustus.*

## Sálamis en Pafos

In Handeling 13 beweeg Lukas terug na Antiochië om Paulus se eerste sendingreis in die volgende twee hoofstukke (Handeling 13, 14) te beskryf. Van hier af tot aan die einde van die boek fokus Lukas op Paulus en sy sending na die heidene. Hier in Handeling word die eerste sendinguitreik wat deur 'n enkele kerk versigtig en met doelgerigtheid beplan was, beskryf; tog beklemtoon Lukas versigtig dat dit God was wat hierdie poging 'n aanvang laat neem het, en dat dit nie deur die gelowiges se eie inisiatief gebeur het nie. Feit is dat God vir ons wag om onself gewilliglik beskikbaar te stel, voordat Hy ons kan gebruik.

**Lees Handeling 13:1–12. Watter hoofgedagtes wil Lukas oor Bárnabas en Paulus se aktiwiteite in Ciprus beklemtoon?**

---

'n Periode van vas en intreegebede het die sendelinge se vertrek voorafgegaan; in hierdie konteks was dit gedoen om hulle toe te wy, of aan die genade van God op te dra (Handeling 14:26) vir die taak wat op hulle gewag het. Ciprus is 'n eiland wat nie ver van Antiochië is nie, en in die noordoostelike hoek van die Mediterreense See geleë is. Dit was vanselfsprekend om daar te begin, want nie alleen het Bárnabas daarvandaan gekom nie, maar die evangelieboodskap het die eiland reeds bereik. Daar was egter nog baie wat gedoen moes word. Op Ciprus aangekom, het Bárnabas en Paulus — en Johannes Markus, Bárnabas se neef (Handeling 15:39, Kolossense 4:10), wat saam met hulle was — in die sinagoges van Sálamis begin preek. Paulus se gewoonte was om eers in die sinagoges te preek voordat hy met die heidene begin werk het. Omdat Jesus Israel se Messias was, was dit meer as vanselfsprekend om die evangelie eerste aan die Jode te bring. Na Sálamis het hulle in 'n westelike rigting gegaan en so ver as wat hulle gegaan het, gepreek (kan ons aflei), totdat hulle by die hoofstad, Pafos, gekom het. Die verhaal fokus hierna op twee persoonlikhede: 'n Joodse towenaar met die naam van Bar-Jesus, wat ook bekend gestaan het as Élimas; en Sérgius Paulus, die plaaslike Romeinse goewerneur. Dié verhaal gee 'n goeie voorbeeld van hoe die evangelie met teenoorgestelde reaksies ontvang was: aan die eenkant met openlike teenstand; en aan die anderkant met gelowige aanvaarding, selfs deur hooggeplaasde heidene. Die taal in Handeling 13:12 dui baie duidelik aan dat hierdie goewerneur tot bekering gekom het.

**Dink na oor hoe, in hierdie geval, dit 'n Jood was wat die waarheid teengestaan het, terwyl 'n heiden dit aanvaar het. Hoe kan dit ons help om te verstaan hoekom diegene van ander Christelike denominasies moeiliker is om te oortuig van “teenswoordige waarheid”, as vir hulle wat glad nie glo nie?**

## Antiochië in Psidië: Deel I

Vanaf Ciprus het Paulus en sy metgeselle na Perge in Pamfilië, die suidelike kusgebied van moderne Turkye, geseil. Voordat hulle na Antiochië in Psidië aanbeweeg het, het daar, volgens Lukas, twee betekenisvolle terloopse veranderinge plaasgevind: Paulus het die leiersfiguur geword (tot en met daardie tydstip was Bárabas altyd eerste genoem), en Lukas het opgehou om Paulus se Joodse naam (“Saulus”) te gebruik, en daarna na hom as “Paulus” verwys (Handelinge 13:9), heelwaarskynlik omdat Paulus hom toe meestal in ‘n Grieks-Romeinse omgewing bevind het. Handelinge 13:13 noem dat Johannes Markus hier na Jerusalem teruggekeer het. Die verse gee nie ‘n rede vir sy vertrek nie. Ellen G. White skryf dat dit heel moontlik was omdat hy bang en mismoedig was vir die moeilikhede wat op hulle gewag het: “Namate die apostels verder gegaan en al groter moeilikhede ondervind het, is Markus afgeskrik; hy het moed verloor, geweier om verder te gaan en na Jerusalem teruggekeer.” — Die Handelinge van die Apostels, bl. 136. God het nooit belowe dat dit maklik sou wees nie. Intendeel, Paulus het van die begin af geweet dat sy diens vir Jesus baie lyding sou insluit (Handelinge 9:16), maar hy het geleer om heeltemal op God se krag te steun, en daarin het die geheim van sy krag gelê (II Korinthiërs 4:7–10).

### **Lees Handelinge 13:38. Wat was die kern van Paulus se boodskap in die sinagoge in Antiochië?**

Handelinge 13:16–41 verhaal die eerste van Paulus se preke in die Nuwe Testament. Dit was natuurlik nie die eerste preek wat Paulus gepreek het nie, en daar is geen twyfel dat dit net ‘n kort opsomming van wat hy gesê het, verteenwoordig nie. Die preek word in drie hoofdele verdeel. Dit begin met gemeenskaplike geloofspunte oor hoe God Israel uitgekies het, en ook oor die koningskap van Dawid (Handelinge 13:17–23); hierdie gedeelte was bedoel om ‘n aanknopingspunt by sy Joodse gehoor te vind. Tweedens stel dit Jesus voor as die vervulling van God se belofte dat Hy ‘n afstammeling van Dawid sou stuur om Israel te verlos (Handelinge 13:24–37). Die slot is ‘n waarskuwing om nie die verlossing wat deur Jesus aangebied word, te verwerp nie (Handelinge 13:38–41). Die klimaks van die preek word in verse 38 en 39 gevind, wat die kern van Paulus se boodskap oor regverdiging deur geloof, insluit. Vergifnis en regverdiging is net in en deur Jesus beskikbaar, nie deur die wet van Moses nie. Hierdie gedeelte sê nie dat die wet afgeskaf is nie. Dit beklemtoon net die wet se onvermoë om te doen wat die Jode verwag het dit moet doen, naamlik om hulle regverdig te verklaar (Romeine 10:1–4). So ‘n voorreg kan net deur Jesus Christus verkry word (Galásiërs 2:16).

**Wat beteken dit dat verlossing deur Jesus alleen beskikbaar is? Hoe versoen jy die vereiste om God se morele wet te onderhou met die feit dat die wet jou nie kan regverdig nie?**

## Antiochië in Pisidië: Deel II

Handelinge 13:38, 39 verwys na die wet se onvermoë om regverdiging te bewerkstellig, 'n belangrike doktrinêre konsep. Ten spyte van die vereiste om die morele wette te onderhou, is die wet nie in staat om regverdiging te skenk nie, omdat dit nie volmaakte gehoorsaamheid in hulle wat die wet nakom, kan produseer nie (Handelinge 15:10, Romeine 8:3). Selfs as die wet volmaakte gehoorsaamheid in ons kon produseer, kan daardie volmaakte gehoorsaamheid nie versoening vir vorige sondes doen nie (Romeine 3:19; Galásiërs 3:10, 11). Dit is hoekom regverdiging nie verdien kan word nie, nie eers gedeeltelik nie. Ons kan dit alleenlik deur geloof in Jesus se versoenende offer bekom (Romeine 3:28, Galásiërs 2:16), 'n gawe wat ons nie verdien nie. Hoe belangrik dit ook al in die Christelike lewe is, kan gehoorsaamheid nie ons verlossing verdien nie.

### **Lees Handelinge 13:42–49. Hoe het die mense in die sinagoge Paulus se boodskap ontvang?**

---

---

---

Nieteenstaande die onsensitiewe manier waarop Paulus sy boodskap afgesluit het, was die meeste mense in die sinagoge se reaksie baie positief. Maar die volgende Sabbat het dinge drasties verander. Dit is heelwaarskynlik dat “die Jode” wat die evangelieboodskap verwerp het, die leiers van die sinagoge was, hulle wat ampelike Judaïsme verteenwoordig het. Lukas skryf hulle hardvotige gesindheid teenoor Paulus toe aan jaloesie.

In die antieke wêreld was verskeie vorms van Judaïsme, soos monoteïsme, lewenstyl en selfs die Sabbat, 'n sterk aantrekkingskrag vir nie-Jode, en baie van hulle het by die Joodse geloof as proseliete aangesluit. Die besnydenis was egter 'n ernstige hindernis omdat dit as 'n barbaarse en walglike praktyk beskou was. Gevolglik het baie nie-Jode die sinagoges bygewoon om God te aanbid, maar sonder om hulle ten volle tot Judaïsme te bekeer. Hulle het as “Godvresendes” bekend gestaan, en dit kon die Godvresendes en ook die proseliete van die sinagoge in Antiochië (Handelinge 13:16, 43) gewees het wat gehelp het om die nuus oor Paulus se boodskap onder die mense te versprei, en wat tot gevolg gehad het dat daar groot getalle gekom het om te luister. Die moontlikheid om verlossing te bekom sonder om eers Judaïsme te aanvaar, was sonder twyfel besonderlik aantreklik vir baie van hulle. Dit kan die jaloesie van die Joodse leiers verklaar. Deur die evangelieboodskap te verwerp het hulle hulself nie net afgesny om deur God verlos te word nie, maar vir Paulus en Bárnabas vrygestel om hulle volle aandag aan die heidene te gee, wie gejuig het en God geprys het omdat Hy hulle ook in die verlossingsplan ingesluit het.

## Ikónium

Onder aanhitsing van die Joodse leiers in Antiochië het die plaaslike gesaghebbendes ‘n skare teen Paulus en Bárnabas opgesteek en hulle buite die stad verdryf (Handelinge 13:50). Die dissipels was egter met blydskap en die Heilige Gees vervul (Handelinge 13:52). Die sendelinge het toe na die stad van Ikónium gegaan.

### **Lees Handelinge 14:1–7. Wat was die resultaat van Paulus en Bárnabas se handelinge in Ikónium?**

---

---

In Ikónium het Paulus en Bárnabas aangehou met hulle gewoonte om eers vir die Jode te preek voordat hulle met die heidene gepraat het. Paulus se preek in Antiochië (Handelinge 13:16–41) gee die hoofrede hoekom die Jode eerste bedien was: omdat Israel uitgekies was saam met alles wat daarby ingesluit was (Romeine 3:2; 9:4, 5), en weens God se vervulling van Sy belofte van ‘n Verlosser wat uit Dawid se stamboom afkomstig sou wees. Ten spyte van die feit dat baie Jode die evangelieboodskap verwerp het, het Paulus nooit sy hoop op ‘n aansienlike Joodse bekeringsgebeurtenis, opgegee nie. In Romeine 9–11 maak Paulus dit duidelik dat “... nie almal Israel [is] wat uit Israel is nie” (Romeine 9:6), en dat dit net deur God se genade is dat sommige van die Jode enigsins glo. God het nie Sy volk verwerp nie, maar “net so is daar dan ook in die teenwoordige tyd ‘n oorblyfsel, ooreenkomstig die verkiesing van die genade” (Romeine 11:5). Paulus het aangehou om die evangelie aan die heidene te verkondig, alhoewel hy geglo het dat meer Jode in die toekoms tot die geloof in Jesus bekeer sou word.

“Paulus se argument in Romeine 9–11 gee ‘n verdere verduideliking van sy sendingstrategie soos dit in Handelinge opgeteken is, en konfronteer elke geslag Christene met die teologiese belangrikheid om teenoor ongelowige Jode te getuig.” — David G. Peterson, *The Acts of the Apostles* (Grand Rapids: Eerdmans, 2009), bl. 401, (vrye vertaling). Die situasie in Ikónium was nie veel anders as in Antiochië nie. Die eerste reaksie op Paulus se evangelieboodskap deur beide Jode en heidene was in ‘n hoë mate positief, maar weer het die ongelowige Jode, heelwaarskynlik die leiers van die plaaslike Joodse gemeenskap, die heidene opgehits en hulle denke vergiftig teen die sendelinge, en dit het verdeeldheid onder die mense veroorsaak het. Toe die opponente beplan het om Paulus en Bárnabus aan te val en te stenig, het die twee sendelinge besluit om die stad te verlaat en na die volgende een aan te beweeg.

**Joodse mense het meer nodig as om net die evangelieboodskap te hoor; hulle het nodig om te sien hoe dit uitgeleef word deur diegene wat die naam van Jesus bely. Indien jy Joodse kennis het, hoe getuig jy teenoor hulle?**

## Listre en Derbe

Die volgende plek wat Paulus en Bárnabas besoek het, was Listre, ‘n weggesteekte dorpie so agtien myl (ongeveer 29 km) suidwes van Ikónium. Alhoewel hulle ‘n ruk lank daar deurgebring het (Handelinge 14:6, 7, 15), vertel Lukas net een verhaal en wat daarop gevolg het: die gesondmaking van ‘n lam man, heelwaarskynlik ‘n bedelaar, wat van geboorte af aan die kwaal gely het.

**Lees Handelinge 14:5–19. Wat het hulle reaksie aan Paul geopenbaar oor net hoe diepgewortel hierdie mense se onkundigheid was?**

---

Die skare was so diep beïndruk met hierdie wonderwerk dat hulle Paulus en Bárnabas vir gode aangesien het — Bárnabas as Júpiter, die vernaamste god van die Griekse godewêreld, en Paulus as Mercurius, Júpiter se oppasser en woordvoerder. Om die waarheid te sê, die mense wou aan hulle offerandes bring. Die Latynse digter Ovid (43 v.C.–17/18 n.C.), het vroeër ‘n legende geskryf oor dieselfde twee gode wat, vermom as mense, ‘n stad in dieselfde gebied (“die heuwels van Frigië”) besoek het en plek gesoek het om te rus. Volgens die legende het ‘n bejaarde egsaam hulle vriendelik en gasvry behandel; die res van die mense was nie te danig met hulle nie. As gevolg van hulle vriendelikheid en gasvryheid teenoor die onbekende besoekers, was hulle huis in ‘n tempel verander en hulle as priesters aangestel, terwyl die res van die dorp heeltemal vernietig was (Metamorfoses 611–724).

Met so ‘n verhaal in omloop in hierdie gebied, was die reaksie van die mense op Paulus se wonderwerk, geen verrassing nie. Die verhaal help ook om duidelikheid te gee waarom die skare aanvaar het dat die sendelinge spesifiek daardie twee gode was, en nie byvoorbeeld Asclepius, die god van gesondmaking nie. Paulus en Bárnabas het egter daarin geslaag om die valse aanbidding stop te sit. Uiteindelik het sommige van die opponente van Antiochië en Ikónium die situasie heeltemal omgekeer, en Paulus was gestenig en as dood agtergelaat.

**Lees Handelinge 14:20–26. Waar het Paulus en Bárnabas se reis tot ‘n einde gekom? En wat het hulle op pad terug gedoen?**

---

**Paulus het gesê: “Ons moet deur baie verdrukkinge in die koninkryk van God ingaan” (Handelinge 14:22). Wat beteken dit? Hoe het jy dalk wat hy hier sê, ondervind? Wat meer belangrik is, hoe kan jy leer om in jou geloof te groei terwyl jy “verdrukkinge” in die gesig moet kyk?**

## Vir verdere studie:

“Gedurende Christus se lewe op aarde het Hy probeer om die Jode van hulle eksklusiwiteit te red. Die bekering van die hoofman oor honderd en van die Siro-Finiciëse vrou was gevalle van Sy direkte werk buite die erkende kringe van Israel. Die tyd het nou vir aktiewe en voortdurende arbeid onder die heidene aangebreek, en hele gemeenskappe het die evangelie met blydschap ontvang en God geloof vir die lig wat hulle ontvang het van ‘n geloof wat sin maak. Die ongeloof en vyandigheid van die Jode het nie God se plan ter syde gestel nie; want ‘n nuwe Israel was op die ou olyfboom ingeënt. Die deure van die sinagoges was vir die apostels toegemaak, maar private huise was vir hulle gebruik beskikbaar gestel, en van die publieke geboue van die heidene was ook beskikbaar om die Woord te preek.” — Ellen G. White, *Sketches From the Life of Paul*, bl. 51, (vrye vertaling). “In al hulle sendingbedrywighede het Paulus en Bárnabas gestreef om Christus se voorbeeld te volg deur gewilliglik op te offer en getrou en ernstig vir siele te arbeid. Omsigtig, ywerig en onvermoeid het hulle nie hulle neigings vir persoonlike gerief in ag geneem nie, maar die waarheidsaad met biddende besorgdheid en voortdurende bedrywigheid gesaai. En terwyl hulle die saad gesaai het, het die apostels ook gesorg dat hulle aan almal wat vir die evangelie uitgestaan het, praktiese onderrig gegee het wat van onberekembare waarde was. Die gees van erns en vrome vrees het op die gemoedere van die nuwe dissipels ‘n blywende indruk aangaande die belangrikheid van die evangelieboodskap gemaak.” — Ellen G. White, *Die Handeling van die Apostels*, bl. 148.

## Vrae vir bespreking:

1. Dink meer na oor die verhaal van Johannes Markus se onttrekking toe dinge moeilik begin raak het. Paulus en Bárnabas het later ‘n argument oor Johannes Markus gehad toe Bárnabas Markus weer wou gebruik en Paulus dit nie wou toelaat nie (sien Handeling 15:37). Jare later het Paulus egter geskryf: “Markus moet jy gaan haal en saam met jou bring, want hy kan my baie tot diens wees” (II Timóteüs 4:11). Watter lesse is daar hier vir ons met betrekking tot diene wien, onder sekere omstandighede, ontrou aan hulle roeping is?
2. Hersien Paulus en Bárnabas se reaksie toe die mense van Listre hulle as gode aangesien het (Handeling 14:14–18). Hoe kan ons reageer wanneer ons in die versoeking kom om die eer vir onself te neem vir wat God gedoen het?
3. Lees Handeling 14:21–23. Met Paulus en Bárnabas se voorbeeld in gedagte, wat kan ons elkeen persoonlik en as ‘n kerk doen om die geloof van nuwe bekeerlinge te koester en te versterk?
4. Hoe kan ons seker maak dat ons nie mensgemaakte tradisies, of selfs dié wat ons lankal gekoester het, nie in die pad van groeiende waarheid kom soos dit met die godsdienstige leiers gebeur het wat Paulus teëgestaan het nie?